

# Verhale van Onder die Marulaboom

Deur Leon de Villiers

THINK DIGITAL ACADEMY

## Die Hase se Streke



Eendag was die hase verveeld. “Kom ons doen iets interessants,” het Skip gesê. “Iets snaaks.”

“Soos wat?” het Hop gevra en oor haar neus gevryf. “Asseblief, nie weer om die miskruiers te boelie nie! Dit is so vervelig!”

“Is nie! Ek het gedink dit was baie snaaks,” het Jump gesê. Dit was sy idee om klippe in die pad te sit van die miskruiers wat hulle misballe gerol het.



“Wat is so snaaks daaraan om jouself dood te werk deur klippe rond te dra?” het Dodge gevra.

“Maar die miskruiers kon nie hulle misballe rol nie!” het Jump gelag.

“Jump, jy was die enigste een wat gedink het dit was snaaks,” het Skip saamgestem. “Kom ons doen hierdie keer iets baie snaakser, iets waaroor ons almal kan lag.”

“Soos wat?” het Hop weer gevra. “Niks in die veld is ooit snaaks nie. Al die diere is so ernstig.”



“Weet julle wat snaaks sou wees?” het Dodge gesê. “As ons die tarentale kan kry om soos visse te swem. Dít sal nou snaaks wees. Dink net daaraan: die watergat vol kolle – sopnat kolle.”

“Nee,” het Hop gesê. “Dit sal nog snaakser wees as ons Kobra kan kry om op sy kop te staan.”

“Wat?” het Jump uitgeroep. “Is jy mal? Ek gaan nêrens naby daardie giftige bek nie. Eendag het my Tannie Sniffle per ongeluk op Kobra se stert getrap en hy het gif in haar oë gespoeg. Sy het blind geword en haar kleintjies moes haar aan die poot lei.”



"Nee dankie, as julle met slange wil lol, gaan ek terug na die gat toe!"

"Ek ook," het Dodge gesê. "Maar ek moet sê, dit sal baie snaaks wees as ons Kobra kan kry om op sy kop te staan."

"Wat daarvan as ons ʼn ander dier kry om op sy kop te staan?" het Skip gevra. "Soos Olifant, byvoorbeeld."

Die hase het lekker gelag.



"Of Kameelperd!" Dodge het geskater van die lag. "Ek kan al klaar sy lang bene bo die bome sien uitsteek."

"Ja! Ja!" het die ander gelag.

"Nee, wag," het Hop gesê. "Kom ons mors nie tyd met die groot diere nie. Hulle sal nie na ons luister nie."

"Ja," het Skip gesê. "En buitendien ken hulle ons te goed. Hulle weet ons hou daarvan om ander diere 'n poets te bak."



“Wat van daardie nuwe diere wat onlangs na die veld gekom het?” het Jump gevra.

“Daardie vlieënde muise. Hulle ken ons glad nie.”

“Die vlieënde muise?” het Hop gevra en haar ore geskud. “Wie op aarde is die vlieënde muise?”

Dodge het begin giggel. “Sy bedoel die gevleuelde muise!”



“Julle is albei verkeerd,” het Skip gesê. “Hulle word vlermuise genoem. Ek weet, want een familie het in ’n holte in die wildelemoenboom ingetrek. Daar woon seker twintig van hulle in daardie een holte. Ek het geen idee hoe hulle so styf teen mekaar kan slaap nie.”

“Goed dan, vlermuise, Meneer Weet-Alles,” het Jump gesê.

“Jump is reg,” het Dodge gesê. “Hulle is nuut in die veld, so hulle ken ons nog nie. Kom ons kry hulle om iets snaaks te doen. Kom ons kry hulle om op hulle koppe te staan.”



"Nie net staan nie, ons sal hulle kry om ook op hulle koppe te slaap," het Hop gelag.

"Dit gaan baie snaaks wees, maar hoe gaan ons dit regkry?" het Skip gevra en oor sy kop gekrap.

Vir 'n rukkie het die hase stil gesit en dink. Skielik het Dodge hardop begin lag.

"Wat?" wou die ander weet.

"Ek weet presies wat om te doen!" het sy gegiggel. "Luister."



Met hulle lang ore styf teen mekaar gedruk, het die ander na Dodge se plan geluister.

“Dit kan regtig werk,” het Hop opgewonde gesê. “Maar ons sal moet saamwerk en elkeen moet sy deel doen.”

Almal het geknik.

“Dit gaan groot pret wees,” het Skip gesê. “Kom ons begin sommer dadelik. Jump, jy gaan eerste.”

“Goed,” het Jump gesê. “Hier gaan ek!”



Jump het so vinnig as wat hy kon na die naaste boomholte gehardloop, waar ’n familie vlermuise geslaap het. Dit was in ’n reusagtige koorsboom op die rivieroewer.

Hy het teen die boomstam neergeval en gemaak asof hy huil. Hy het onder sy groot ore deur opgekyk na die boom.

Teen daardie tyd was al die vlermuise wakker. Hulle het nuuskierig na hom afgekyk.



“Dis so onregverdig,” het hy gesnik. “Nou is ek ’n weeskind. Hoekom moes die wrede Mol juis my familie kies?” Jump het gehuil en gehuil, maar elke nou en dan het hy uit die hoek van sy oog na die vlermuise gekyk. Net soos hy gedink het: hulle het na hom met grootoë geluister.

“Jump!” het iemand geroep. Toe kom Hop aangehuppel. “O, daar is jy! Jou arme ding! Dankie tog jy het daarin geslaag om aan Mol se wreedheid te ontsnap. Dit moes verskriklik gewees het. Jou hele familie van twintig is met een hap uitmekaar geskeur!”



"Hoekom moet daar 'n dier so wreed soos Mol wees?" het Jump gesnik.

"Ek weet nie," het Hope gesug. "Al wat ek weet, is dat niemand meer veilig is nie. Niemand nie!"

"Verskoon my," het 'n sagte stemmetjie uit die boom gesê. "Ons wou nie afluister nie, maar ons kon nie help om julle gesprek te hoor nie."

Die twee hase het gemaak asof hulle verbaas opkyk.

"O, ons het julle glad nie daar gesien nie," het Hop gelieg. "Jammer dat ons julle wakker gemaak het."



“Dis regtig niks nie,” het die vlermuise gesê. “Ons is so jammer om van jou familie te hoor. Hoe verskriklik!”

“Dankie,” het Jump gesnik. “Ja, dit is verskriklik. ’n Mens sou dink ons behoort teen hierdie tyd gewoond te wees aan Mol se wreedheid, maar hoe kan enige dier ooit aan iets soos dít gewoond raak?”

“Maar is Mol nie daardie klein diertjie wat onder die grond woon en molshope maak nie?” het een van die vlermuise gevra. “Ons het gedink hy is skadeloos?”



Hop het haar hand teen haar hart gedruk. “Klein diertjie? Skadeloos? Ja, dis presies wat Mol wil hê almal moet glo. Maar het julle Mol al ooit gesien? Sy oë wat soos weerlig flits? Of sy lang, vlymskerp tande wat hy op die skedels van sy slagoffers skerpmaak?”

“En daardie verskriklike kloue!” het Jump gesnik.

“Nee,” het die vlermuise senuweeagtig gesê en na mekaar gekyk. “Ons het hom nog nooit gesien nie.”

“Wel, julle hoef julle seker nie oor Mol te bekommer nie,” het Jump gesê. “Julle is veilig daar bo in die bome.”

Die vlermuise het verlig gesug.



Skielik het hulle takkies hoor breek en Skip en Dodge het verskyn. Hulle het gemaak asof hulle uitasem was.

“Het julle gehoor?” het Skip gehyg. “Mol het weer toegeslaan! Hierdie keer het hy helder oordag ’n hele familie blouape verslind!”

“Dis verskriklik,” het Dodge gekerm. “En die arme ape het gedink hulle is veilig hoog bo in die bome.”



“Dit lyk asof Mol tog bome kan klim!” het Skip na sy asem gesnak. “En nou vertel die monster vir almal hoe lus hy vir vlermuisvleis is. Die arme klein diertjies!”

Toe kyk hy op en sien die geskokte vlermuisfamilie wat na hulle afkyk.

“O, jammer, ek het julle nie daar gesien nie. Ek is so jammer – ek wou julle nie bang maak nie.”



Dodge het opgekyk. “Maar as ek julle was, sou ek van nou af altyd ondertoe kyk!” het sy gewaarsku. “As Mol ’n dreigement maak, neem dit nie lank voordat hy toeslaan nie.”

“Julle is gelukkig,” het Jump gesnik. “As iemand my familie maar net so gewaarsku het, sou ek nie vandag ’n weeskind gewees het nie.”



“Kom ons kom weg hier,” het Hop gesê. “Ek wil nie hier rond wees wanneer Mol begin bome klim nie.”

“Totsiens,” het die hase gesê. “En onthou, kyk altyd af! Dis die enigste manier!” Toe het hulle in die lang gras verdwyn.

Die storie oor Mol het soos ’n veldbrand onder die vlermuise versprei. “Mol is lus vir vlermuisvleis!” het hulle gesê. “Almal moet altyd afkyk. Geen hoogte is meer veilig nie! Onthou, kyk altyd af!”



En so het dit gebeur dat die vlermuise onderstebo begin slaap het. Altyd afkykend. Altyd op die uitkyk vir die verskriklike Mol.

Toe die jong hase die vlermuise onderstebo sien slaap, het hulle op die grond rondgerol van die lag. Dit was die snaakste ding wat in jare in die veld gebeur het. Hulle het gelag en gelag totdat hulle nie meer kon lag nie.



Die volgende dag het die hase egter reeds van die vlermuise vergeet. Hulle was klaar besig om nuwe streke te beplan.

Maar die arme vlermuise het nooit, ooit van die verskriklike Mol vergeet nie. Tot vandag toe slaap hulle onderstebo en kyk hulle altyd af, net ingeval Mol kom.

En die arme Mol weet niks daarvan nie. Hy grawe maar onskuldig voort in die donker, steeds op soek na bolle en wortels om te eet.

“Nou dít is ’n ware storie as ek ooit een gehoor het,” sê Tannie Moanie.



“Ek stem saam,” sê Oom Bent-Bum. “Nie baie diere kan so lieg soos die hase nie. Net gister het hulle my probeer oortuig dat twee van hulle ’n luislang geëet het. Kan jy jou dit voorstel? ’n Haas wat ’n luislang vang en opeet.”

Die klein bobbejane brul van die lag terwyl Oom Bent-Bum maak asof hy ’n haas is wat probeer om ’n luislang te gryp en te byt.



“BOHOM!” roep Bigmouth hard – die waarskuwing om af te kyk.

Onmiddellik raak almal stil. Hulle staar grootoog na die grond.

“Wat is fout, Bigmouth?” fluister Oom Wart.

“’n Leeuwyfie! Daar agter die groot rots.” Bigmouth wys na die rots.



Nou raak almal onrustig. Die babas klou nog stywer aan hulle ma’s vas en die jonges rek hulle nekke om beter te kan sien.

Die leeuwyfie kyk verward op na die boom. Vir ’n oomblik lyk dit asof sy daarin wil klim, maar toe snuif sy en stap weg, agter die vars reuk van ’n bosbok aan.

Verlig blaas die bobbejane hulle asem uit. “Sjoe!”



"Wel, nou is die kleintjies behoorlik wakker," sê Tannie Itchy. "Vanaand gaan 'n ou bobbejaan nie 'n oog toemaak nie."

"Haai, dit laat my dink aan die storie van die krokodil wat nie vir die otters 'n beurt wou gee om te swem nie," sê Oom Knobs en gaan sit regop.

"Wel, wel," lag Tannie Mangy. "Ou Knobby is vir 'n slag wakker. Kom nou, Knobby, vertel die storie voordat jy weer aan die slaap raak."



“Hoe kan julle op so ’n gevaarlike tyd stories vertel?” kla Tannie Moanie.

“Moenie na haar luister nie, Knobby,” sê Oom Non-Stop. “Ons is nou almal wakker. Die kleintjies kan net sowel na ’n storie luister. Dalk sal party van hulle ophou om so senuweeagtig aan hulle sterte te kou.”

“Ag, Oom Non-Stop,” sê Stump geïrriteerd en laat sy stert los.

“Goed dan,” sê Oom Knobs. “Ek is nie so ’n goeie storieverteller soos Oom Non-Stop nie, maar hierdie is een van my gunstelinge.”




THINK
DIGITAL ACADEMY